**NOTA VIR NASIENERS:**

Hou streng by hierdie memorandum wanneer nagesien word. Die standaardiseringsproses tydens memorandumbesprekings verseker dat die memorandum die meeste moontlike antwoorde van kandidate dek. Elke nasiener moet dit op konsekwente wyse verstaan en toepas. In sommige kwalitatiewe vrae moet jy jou professionele en ingeligte oordeel uitoefen.

**Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers nagesien word aangesien dit spesialiskennis vereis.**

- By sommige vrae het kandidate 'n keuse. Indien kandidate beide vrae beantwoord het, sien slegs die antwoorde op die eerste vraag na.

- Kandidate kan 'n wye verskeidenheid antwoorde gee, afhangende van wat hulle in die klas behandel het.

- Hoë, medium of lae kognitiewe vlakke wat in elke antwoord verwag word, word in die Fokustabel onder elke vraag ingesluit. Wanneer die kandidate se antwoorde geevalueer word is dit essensieel dat hierdie vlakke toegepas word. Baie van die vrae word in twee kognitiewe vlakke verdeel en lae kognitiewe antwoorde verdien 'n ½ punt toekenning waar gepas.

- MOENIE volpunte toeken vir opstel-/paragraaftipe vrae indien daar taal- en spelfoute voorkom nie en ook nie as die antwoord in die verkeerde formaat geskryf is nie. EEN PUNT moet slegs afgetrek word indien die antwoord nie in die korrekte formaat beantwoord is nie.

- Nasieners moet NIE volpunte toeken vir 'n antwoord wat oppervlakkig en ontoereikend is NIE waar daar gevra word om 'n duidelike beskrywing/detail.

- Wees op die uitkyk vir wat die kandidaat weet, en nie vir wat hy/sy nie weet nie. Baie antwoorde wat die kandidaat gee kan eie kennis/ondervindinge/opinies van praktiese klasse/vertonings/ PATe, ens. insluit en nie noodwendig inligting slegs uit die voorgeskrewe handboek gee nie.

- MOENIE punte toeken vir antwoorde wat nie direk verband hou met die vraag wat gevra word nie/generiese antwoorde wat toegepas word met vele ander scenarios wat nie verband hou met die vraag nie.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

## VRAAG 1: VOEDING/HIDRERING EN STEREOTIPERING/GROEPDRUK

| **FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers** | **ONDERWERPE** | | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Voeding/Hidrering en Stereotipering/Groepsdruk** | **1** | **2** | **3** | | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| | √ | | | | | | |
| 1.1 Toepassing: Verhoogde energie vlakke | | | | | 1 | 1 | |
| 1.2 Toepassing: Hidrering | | | | | 2 | | |
| 1.3 Toepassing: Eetversteurings | | | | | | 2 | |
| 1.4 Evaluering: Groepsdruk | | | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Voeding is genoem in die opskrif van die vraag maar nie in 1.1 nie. Baie verskillende antwoorde kan gegee word.
- Evalueer die kandidaat se kennis/begrip en die relevansie van hulle antwoorde.
- Kolpunte ('Bullets') word gebruik om die nasienproses te vergemaklik.

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

1.1 **Noem enige TWEE gesonde maniere om energielewering te verhoog = ½ punt x 2 LAE VLAK.**
**Verduidelik hoe dit 'n danser se energievlakke sal opstoot = ½ punt x 2 MEDIUM VLAK bv.:**

- Eet ontbyt: LAE VLAK (½)
  Dit kry jou metabolisme aan die gang en gee energie. MEDIUM VLAK (½)
  ANDER MOONTLIKE ANTWOORDE
- Sluit proteïene en gesonde vette in: (½)
  Dit stabiliseer bloedsuikervlakke vir topprestasie. (½)
- Eet klein maaltye deur die dag: (½)
  Dit voorkom moegheid en handhaaf energievlakke. (½)
- Kombineer proteïene en koolhidrate in jou maaltye: (½)
  Koolhidrate verskaf energie en proteïene en gesonde vette stabiliseer bloedsuikervlakke vir topprestasie. (½)
- Kry genoeg slaap:
  Laat die liggaam toe om weer energie te kry en laat spier- en selherstel plaasvind. (½) (½)
- Bly gefokus en toegewy:
  Moenie energie vermors op afleidings en emosies nie. (½) (½)
- Haal diep asem:
  Suurstof skep energie. (½) (½)

Enige ander aanvaarbare antwoorde (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.2 **TWEE gedetailleerde redes/feite = 1/2 punt elk LAE VLAK. Elke gemotiveerde rede = ½ punt elk MEDIUM bv.**

- Die liggaam bestaan uit 70% water en wanneer lang repetisies of klasse gedoen word = ½ punt, gaan water deur sweet verlore = ½ punt en moet vervang word om dehidrering te voorkom.
  **ANDER MOONTLIKE ANTWOORDE**
- 'n Tekort aan water tydens oefening kan dehidrering veroorsaak wat weer moegheid, verlies aan konsentrasie en lighoofdigheid veroorsaak wat kan voorkom dat die danser op sy/haar beste presteer. Hierdie verswakte oordeel kan tot beserings lei.
- 'n Tekort aan water kan die danser se fisiese prestasie affekteer, wat spierkrampe en 'n swaar gevoel in die spiere veroorsaak. Maer spierweefsel bestaan uit water, dus as die liggaam nie genoeg gehidreer is nie, sal dit die effektiwiteit van die spiere beïnvloed en die hoeveelheid werk wat hulle kan doen, verminder.
- Water reguleer die liggaamstemperatuur en voorkom dat die liggaam oorverhit tydens lang, veeleisende dansklasse, repetisies en opvoerings. (2)

1.3 **Enige TWEE voorbeelde = ½ punt elk. Gemotiveerde voorbeelde/verduidelikings = ½ punt.**

Kandidaat mag die vraag beantwoord sonder om die twee stereotipes te identifiseer, maar wel twee voorbeelde gee hoe stereotipering 'n danser kan beinvloed.

**Moontlike antwoorde:**

- Dansers moet maer wees = ½ punt
  Hierdie algemene vorm van stereotipering is die hoofoorsaak van anoreksie. Dansers moet volgens die gehalte van hul opvoering beoordeel word, nie volgens hul liggaamsvorm nie = ½ punt.
- Alle manlike dansers is homoseksueel = ½ punt
  Hierdie algemene vorm van stereotipering is ongegrond aangesien baie manlike dansers nie homoseksueel is nie. Homoseksualiteit kom op alle lewensterreine voor. Hierdie stereotipering is skadelik en dikwels word mans op 'n vroeë ouderdom afgeskrik om dans te bestudeer = ½ punt.
  (Enige ander relevante voorbeelde) (2)

1.4 **HOË VLAK - kandidate moet hierdie stelling verduidelik = 2 punte en hul antwoord met voorbeelde ondersteun = 2 punte. MOENIE PUNTE TOEKEN VIR LAE OF MEDIUM VLAK ANTWOORDE bv.:**

- Groepsdruk kan op verskeie maniere positief wees afhangend van die soort vriende wat jy kies.
- Indien hulle hardwerkend is en 'n etiese en morele kode nastreef, kan hulle tot die verbetering van jou lewe op baie konstruktiewe maniere bydra, bv.:

MOTIVEER HOE HULLE JOU KAN ONDERSTEUN (2)

- Jou ondersteun om jou beste te lewer
- Met jou meeding sodat julle mekaar kan uitdaag om goed te presteer
- Jou help om hard te werk/gefokus te bly om jou doelwitte te bereik
- Jou help om gedissiplineerd te bly/nie beïnvloed te word deur negatiewe groepsdruk nie (2)

**[10]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 2: KERNSTABILITEIT

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDERWERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kernstabiliteit** | 1 | 2 | 3 | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | | | | |
| 2.1 Onthou: Definiëring | | | | 2 | | |
| 2.2 Voorspel: Gebrek aan kernstabiliteit | | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Baie verskillende antwoorde kan gegee word.
- Gebruik professionele oordeel wanneer die gehale van antwoorde nagesien word.
- Kolpunte ('Bullets') word gebruik om die nasienproses te vergemaklik.

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

2.1 **Enige TWEE faktore genoem = LAE VLAK bv.:**

- Kernstabiliteit verwys na die spiere van die maag en die rug wat sterk moet wees om goeie postuur/plasing/inlynstelling/balans/ratsheid/mobiliteit, ens. te handhaaf.
- Sterk kernspiere ondersteun die verlenging van die ruggraat om beweging te vergemaklik/korrekte inlynstelling van die ledemate en torso. (2)

2.2 **VIER voorbeelde GENOEM = ½ punt.**
**Die voorbeelde kan wees oor prestasie/opvoering of beserings of beide = ½ punt bv.:**

- Gebrek aan beheer = ½ punt
  As die kernspiere nie sterk is nie, word te veel gewig op die ruggraat en gewrigte geplaas en bewegings kan nie beheer word nie = ½ punt.

**Ander moontlike antwoorde:**

- 'n Gebrek aan kernstabiliteit kan bewegings vertraag en die danser kan dan dalk nie in staat wees om vinnig te beweeg/van rigting te verander nie/gewig te verplaas nie/duidelike oorgange maklik of effektief te maak nie.
- Beserings kan veroorsaak word deur die rug te veel te buig/oormatige ekstensie ('overarching') wat spanning in die lae rug veroorsaak.
- Beserings kan veroorsaak word deur verkeerde plasing/inlynstelling, bv. die verstuiting/ontwrigting van die knie/enkel/heup as gevolg verkeerde landing as gevolg van 'n gebrek aan kernbeheer.
- 'n Gebrek aan kernstabiliteit sal tot swak balans lei aangesien balans deur die verlenging van die ruggraat bepaal word. Dit beteken bewegings kan nie beheer word nie en daar sal 'n gebrek aan grasie en inlynstelling wees.
- 'n Gebrek aan kernstabiliteit sal beteken 'n danser kan nie kragtige bewegings met die arms en bene uitvoer nie.
- 'n Gebrek aan kernstabiliteit sal beteken 'n danser kan nie sy/haar heffings ('lifts') veilig uitvoer nie (beide die opligter en die een wat opgelig word, raak kwesbaar). (4)

**[6]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## VRAAG 3: BESERINGS, STRES EN SPANNING

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDERWERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beserings, stres en spanning** | 1 | 2 | 3 | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | | | | |
| 3.1 Begrip: Beserings | | | | | 5 | |
| 3.2 Toepassing. Simptome | | | | 2 | | |
| 3.3 Aanbeveling: Stres en spanning | | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Baie moontlike antwoorde kan gegee word.
- Gebruik professionele oordeel wanneer die gehalte van antwoorde nagesien word
- Kolpunte ('Bullets') word gebruik om die nasienproses te vergemaklik.

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

3.1 **VYF hoofoorsake van 'n verstuite enkel of knie in die dansklas.**
**Noem 'n bydraende oorsaak = ½ punt**
**'n Beskrywing = ½ puntDaar word vir 'n beskrywing gevra.**
**GEEN punte word toegeken indien 'n kandidaat inligting oor swak vloere gee NIE/BESKRYWINGS OP TOEPASSING VAN GENERIESE BESERINGS.**

**Die opskrifte hieronder is slegs riglyne. Kandidate kan ander oorsake insluit.**

- **Onvoldoende opwarming:** (½)
  As die gewrigte van die knieë en enkels nie voor klas opgewarm word nie, beteken dit hierdie spiere is nie gereed vir swaar werk nie en dit kan maklik beseer word. Opwarming verhoog die bloedvloei en berei spiere vir aksie voor. (½)
- **Swak inlynstelling van die knieë en enkels:** (½)
  Dit kan daartoe lei dat daar ná 'n sprong verkeerd beweeg of geland word en dat die knieë/enkels beseer word. (½)
- **Swak kondisionering:** (½)
  Gebrek aan fiksheid kan gewrigte minder soepel en meer vatbaar vir beserings maak. As die liggaam nie genoeg sinoviale vloeistof produseer om die gewrigte te smeer en wrywing te voorkom nie, kan dit veroorsaak dat die gewrigte onstabiel raak.
- **Gebrek aan beheer:** (½)
  Die liggaam is nie genoeg ontwikkel nie/krag ontbreek. (½)
- **Swak tegniek:** bv. (½)
  - As die gewigsplasing verkeerd is wanneer geland word. (½)
  - Geen buigwerk word voor of na 'n sprong gebruik nie, wat kan lei tot die risiko van besering van die enkel of knieë.
  - As stres op die ligamente geplaas word deur die gewrig buite die normale perke/speling en bewegingsrigting te beweeg, kan dit tot 'n besering lei.
  - Verstuiting of val kom algemeen in groot spronge of draaiwerk voor omdat die spierkrag nog nie genoeg ontwikkel is nie.
  - 'n Gebrek aan goeie postuur plaas spanning op die hele liggaam en beïnvloed die manier waarop jy beweeg en jou gewrigte en spiere gebruik.
  - Verkeerde liggaamslyn plaas ook stres op die gewrigte, wat kan lei tot die skeur van ligamente aan die kante van die gewrig.
- **Pointe-werk:** (½)
  Meisies kan van hul pointe-skoene afval, wat kan lei tot 'n verstuite enkel omdat die spiere in hul bene nie genoegsaam ontwikkel is om die gewig van (½)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001

die liggaam op die tone te beheer nie.

- **Verkeerde skoene/klere:** (½)
  Skoene/Klere wat swak pas/kan tot gly/struikel, ens. lei. (½)
- **Moegheid:** (½)
  Wanneer dansers te moeg is, is die spiere minder geneig om goeie ondersteuning vir die gewrigte te verskaf. Beserings kom dikwels voor aan die einde van die klas wanneer dansers moeg is omdat uithouvlakke nie genoegsaam ontwikkel is nie. Wanneer dansers moeg is, kan hulle dit ook moeilik vind om hulle bewegings akkuraat te beheer, wat die kanse om 'n gewrig te oorspan of oorstrek, verhoog. (½) (½) (5)

3.2 **VIER herkenbare simptome/tekens van 'n verstuiting. Ken ½ punte vir elke simptoom toe. GEEN ANDER VRAE IS AANVAARBAAR.**

- Pyn rondom die geaffekteerde gewrig
- Kan nie gewig daarop plaas nie
- Kan nie die gewrig normaal gebruik/loop nie
- Kneusing/rooiheid
- Gevoeligheid
- Swelling
- Inflammasie (4 x ½) (2)

3.3 **Kyk na elke kolpunt in vraestel. Kandidate kan elke spesifieke kolpunt beantwoord.**
**Noem hoe sy/haar stresvlakke kan bestuur = ½ punt**
**Ondersteun die verklaring = ½ punt x 4 bv.:**

- Doen ontspanningsoefeninge/-tegnieke = ½ punt
  Joga, meditasie, strekwerk, swaaibewegings en asemhaling om spierspanning te verminder = ½ punt.
  **Ander moontlike antwoorde:**
- Volg 'n gebalanseerde dieet met gereelde maaltye om fokus en konsentrasie te verseker; vermy stimulante, bv. kafeïne, Coca Cola, suikerprodukte, gasdrankies, kitskos.
- Verbeter swak slaappatrone, bv. te min/veel slaap.
- Beheer jou gedagtes: konsentreer, dink positief en bly in beheer
- Wanneer jy 'n stresvolle situasie herken, praat daaroor/hou 'n dagboek.
- Beheer jou emosies: bly kalm, glo in jouself en kom jou vrese te bowe.
- Tydsbestuur: bly toegewy en beplan jou kort- en langtermyndoelwitte en hou daarby.
- Verbeter jou studie-omgewing: skep 'n rustige, veilige en goed geventileerde plek vir jouself.
- Neem 'n warm bad: dit sal die gemoed en liggaam kalmeer en die spanning in die spiere/styfheid, krampe verlig, ens
- Luister na musiek: as die musiek rustig, positief en opbouend is, kan dit die gemoedere en atmosfeer verlig.
- Verbeter jou verhoudinge: kommunikeer duidelik; respekteer ander se opinies en hul spasie/ruimte.
- Spreek 'n dokter/raadgewer/onderwyser/iemand van jou portuur, vir raad/iemand om mee te praat.

(Enige ander relevante maniere om stresvlakke te bestuur) (4)
**[11]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**LET WEL:** **Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5.**
**Sien SLEGS die eerste vraag wat beantwoord is, na indien die kandidaat albei vrae beantwoord het.**

**VRAAG 4: GEWRIGTE, SPIERE EN ANATOMIESE BEWEGINGS – NOTA: AS GEVOLG VAN DIE KOMPLEKSITIEIT IS HIERDIE IS 'N KEUSE AFDELING IN DIE KURRIKULUM. Punte mag nie toegeken word vir inkorrekte/vae feite aan kandidate wat hierdie afdeling kies nie.**

| **FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers** | **ONDERWERPE** | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Spiere, gewrigte en anatomiese bewegings** | **1** | **2** | **3** | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| | √ | | | | | |
| 4.1 Begrip: Sinoviale gewrig | | | | 1 | | |
| 4.2 Begrip: Tipes sinoviale gewrigte | | | | 2 | | |
| 4.3 Analiseer:<br>4.3.1 Spiere wat die anterior romp beweeg – laterale fleksie<br>4.3.2 Spiere verantwoordelik vir adduksie van die arm | | | | | 1<br>1 | |
| 4.4 Spiere en aksies<br>4.4.1 Aksie van die ruggraat<br>Spier verantwoordelik vir die aksie | | | | | ½<br>½ | |
| 4.4.2 Aksies wat in die heupgewrig plaasvind<br>Spiere verantwoordelik vir die aksies | | | | | 2<br>2 | |
| 4.4.3 Gewrigstipe<br>Aksie | | | | ½<br>½ | | |
| 4.4.4 Aksie wat in die heupgewrig plaasvind<br>Spier verantwoordelik vir die aksie | | | | | ½<br>½ | |
| 4.4.5 Aksie wat in enkelgewrig plaasvind<br>Spier verantwoordelik vir aksie | | | | | ½<br>½ | |

**NOTA AAN NASIENERS:**
**Geen toegewing mag gemaak word vir alternatiewe antwoorde nie.**
- Indien spiere moeilik is om te herken a.g.v. swak spelling, ken slegs ½ punt toe.

EEN DUIDELIKE FEIT VIR HIERDIE GEWRIG MOET VERSKAF WORD, bv.

4.1
- 'n Sinoviale gewrig is die beweeglikste gewrig in die liggaam.
- 'n Sinoviale gewrig bereik 'n bewegingsveld op die kontakpunt van die artikulerende bene/waar die been bymekaarkom.
- Sinoviale gewrigte het 'n kapsule wat die artikulerende oppervlakke/waar die bene bymekaarkom, omring en in daardie kapsules (sinoviale holtes) word smeer- sinoviale vloeistof gevind. (1)

4.2 **SLEGS enige VIER van die volgende:**
- Bal-en-potjie-gewrig
- Skarniergewrig
- Draai- of spilgewrig
- Vlak- of glygewrig
- Saalgewrigte (Rugvoë)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

- Ellipsoïdale/Kondiloïedgewrig (4 x ½)

(2)

4.3 4.3.1 **Neem kennis abdominale spiere is NIE 'n aanvare antwoord nie**
**Enige TWEE van die volgende:**
- Rectus Abdominus
- Eksterne Obliques
- Interne Obliques (2 x ½) (1)

4.3.2 **Enige TWEE van die volgende:**
- Pectoralis Major
- Latissimus Dorsi
- Deltoid
- Subscapularis (2 x ½) (1)

4.4 4.4.1
- Ekstensie/Strekking
- **Enige EEN van die volgende:**
  - Erector Spinae
  - Multifidus
  - Trapezius (2 x ½) (1)

4.4.2 Fleksie (1)
**Enige EEN van hierdie spiere/spiergroepe gee:**
- Staan kollektief as die Iliopsoas bekend
- Rectus Femoris
- Sartorius
- Tensor Fasciae Latae
- Pectineus (1)

Uitwaartse rotasie **(dit moet uitwaartse rotasie wees en nie net rotasie nie)** (1)
EEN hoofspier gemerk vir uitwaartse rotasie:
- Adductor Magnus/Adduktors
- Sartorius
- Gluteus Maximus en Medius
- Iliopsoas
- Ses uitwaartse roteerders (spiergroep) (1)

4.4.3 Skarniergewrig (½)
**Enige EEN van die volgende:**
- Fleksie
- Ekstensie/Strekking (½)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.4.4 Ekstensie/Strekking (½)
**Enige EEN van die volgende:**
- Agterdyspier ('Hamstrings')
- Gluteus Maximus (½)

4.4.5 Plantaar-fleksie/dorsi-ekstensie (geen ander antwoorde is aanvaarbaar nie (½)
**Enige EEN van die volgende:**

- Gastrocnemius/Soleus
- Tibialis Posterior (anterior = is verkeerd)
- Flexor Digitorum Longus
- Flexor Halucis Longus (½)

**[13]**

**OF**

## VRAAG 5: FUNKSIES EN VEILIGE GEBRUIK VAN DIE RUGGRAAT, VEILIGE STREKWERK

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDERWERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Funksies en veilige gebruik van die ruggraat, veilige strekwerk** | **1** | **2** | **3** | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| | √ | | | | | |
| 5.1 Herkenning: Funksies van die ruggraat | | | | 4 | | |
| 5.2 Toepassing: Voorkoming van beserings | | | | 2 | 2 | |
| 5.3 Analisering: Korrekte strekmetodes | | | | | 5 | |

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

5.1 **Enige VIER feite: MOET VEWANT HOU MET DIE HOOF FUNKSIES VAN DIE RUGGRAAT – MAG NIE GENERIESE FUNKSIES VAN DIE TORSO WEES NIE, bv.**

- Beskerm die ruggraat/die senuwees wat deur die middel loop (bv. moenie beskerm die rug aanvaar nie)
- Maak beheer en balans moontlik
- Hou die liggaam in 'n regop posisie
- Laat bewegings maklik plaasvind – inlynstelling van die arms en bene
- Gee vorm aan die liggaam
- Ondersteun die kop, ribbes en heupe
- Spinale kurwes tree as skokabsorbeerder op (4)

5.2 **VIER spesifieke voorbeelde (mag nie algemene FUNKSIES VAN DIE TORSO wees nie) = ½ punt**
**Goeie verduidelikings oor hoe om 'n besering van die ruggraat te *voorkom*:**

- Opwarming = ½ punt
  Dit sal rugbeserings voorkom as gevolg van oorspanne spiere en stywe gewrigte wat die werwels uit posisie kan forseer/friksie in die rugkussings kan veroorsaak = ½ punt.
  **Ander moontlike antwoorde:**
- Die korrekte postuur/houding moet ten alle tye in die dansklas gehandhaaf word – verleng die ruggraat om 'n lyn deur die kop tot by die middel van die voete te maak. Dit sal voorkom dat spanning op die rug geplaas word deur swak postuur/houding.
- Oefeninge om die kern te versterk moet gereeld gedoen word om die spiere wat verantwoordelik is vir goeie postuur te versterk. Dit behels die maag- en rugspiere, asook die sye/kante van die liggaam. Sterk spiere sal die ruggraat ondersteun en die liggaam toelaat om 'n wye reeks bewegings veilig uit te voer. Dit sal ook balans verbeter – 'n sleutelfaktor by beserings as dit nie goed ontwikkel is nie.
- Vermy oorstrekking/skerp, hoekige bewegings van die lumbale ruggraat omdat dit spanning/stres op die sakro-iliac-gewrig plaas.
- Versag die liggaam wanneer vloerwerk/valle, ens. (kontemporêr) gedoen word –

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X110

dit sal die impak op die ruggraat versminder.

- Dansers moet korrekte springtegnieke toepas wat veilige landings gebruik – gaan deur die voete wanneer geland word en begin en eindig altyd 'n sprong met 'n kniebuiging om sodoende nie die ruggraat te stamp/skok wanneer daar geland word nie.
- Vermy dans op 'n betonoppervlakte aangesien dit nie meegee nie en die ruggraat geskok/gestamp sal word elke keer as die danser na 'n sprong land. Dit sal druk op die werwels asook ander gewrigte plaas.
- Oorgewig plaas bykomende stremming op die ruggraat; 'n gesonde, gebalanseerde dieet moet gevolg word sodat 'n danser op die optimum gewig is vir sy/haar bou en lengte.
- Danstegniek moet deur 'n ervare onderwyser ontwikkel en gekorrigeer word sodat dansers nie te veel druk op die ruggraat plaas as gevolg van swak belynde bewegings nie.
- Choreograwe vereis dikwels dat hulle dansers nuwe en moeilike bewegings, soos die oplig van dansmaats, ens. moet uitvoer. Dit moet nie aangepak word tensy die korrekte tegniek en krag vooraf ontwikkel is nie aangesien die oplig van 'n ander persoon se gewig groot stremming op die ruggraat plaas. (4)

5.3 **NOEM VYF voorbeelde van korrekte strekmetodes/-tegnieke = ½ punt. Verduideliking van elke voorbeeld = ½ punt elk bv.:**

- Ligte strekwerk kan as deel van die opwarming gedoen word = ½ punt
  Dit help om die liggaam vir aktiwiteit voor te berei = ½ punt
- Die beste tyd om spiere en senings te strek om jou bewegingsomvang ('ROM') te verbeter, is aan die einde van 'n klas wanneer jou liggaam baie warm is.
- Die beste manier om te strek is SASS (Stadige en Statiese Strek) ('Slow and Static Stretch'). Dit moet aan die einde van 'n dansklas gedoen word. Dit beteken om jou liggaam in 'n strekposisie in te neem waar jy die spanning in die spier voel (maar geen pyn nie) en dit daar te hou terwyl die spier aanpas, gewoonlik vir 16–32 tellings.
- Dit is noodsaaklik om tydens strekwerk asem te haal en te ontspan. As jy jou asem inhou, raak die spiere gespanne en dit maak strekwerk gevaarlik.
- Terwyl 'n spier gestrek word, moet geen pyn of stres gevoel word nie. Fokus daarop om eerder die 'trekkrag/spanning' van 'n strek te voel as die 'pyn'.
- Wees bewus van die perke van jou werk waarbinne jy gemaklik voel; herken pyn as 'n waarskuwing omdat beserings plaasvind as dit geïgnoreer word.
- Alle dele van die liggaam moet gestrek word sodat daar 'n balans is tussen spiergroepe. As een groep meer soepel as die ander een is, kan die wanbalans tot beserings lei.
- Strekwerk moet gereeld gedoen word en mettertyd stadig ontwikkel word. Oormatige lang strekklasse wat ongereeld gedoen word, kan tot beserings lei.
- Die veiligste manier om te strek is wanneer die danser nie oor balans besorg is nie, bv. wanneer hulle lê of sit.
- Moet nooit 'n strek forseer of toelaat dat iemand jou in 'n strek inforseer nie – gebruik jou eie liggaamsgewig wanneer gestrek word.
- Dinamiese strekwerk – waar die werklike oefening/beweging soepelheid, krag en bewegingsomvang verbeter, bv. grand battements, armswaaie, beenswaaie, ens. behoort in die klas ingesluit te word (5)

**[13]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: PRODUKSIEBEMARKING

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDERWERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Produksie, bemarking en beplanning | 1 | 2 | 3 | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | | √ | | 5 | | |

**NOTA AAN NASIENERS:**
- Baie verskillende antwoorde kan gegee word.
- Kolpunte ('Bullets') word gebruik om die nasienproses te vergemaklik.
- Een woord antwoorde mag aanvaar word.

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**

- Neem foto's met 'n selfoon/kamera tydens repetisies. Kies die beste foto's om te druk en op strooibiljette, plakkate en in koerante te gebruik.
- Ontwerp strooibiljette en versprei onder leerders in die skool, plaas dit ook in gemeenskapslokale soos biblioteke, poskantore, inkopiesentrums.
- Ontwerp 'n plakkaat, laat dit druk en hang dit op strategiese plekke waar baie mense dit sal sien, bv. winkels, restaurante, skoolgange.
- Stel 'n mediaverklaring saam en stuur dit aan koerante en radiostasies.
- Skakel die media en bied uitnodigings, onderhoude en foto's aan hulle.
- Bied komplementêre kaartjies aan alle hooggeplaastes, bv. skoolhoof, onderwysers, distriksamptenare, burgemeester, politici en belangrike persone in die gemeenskap.
- Voer kort uittreksels van die opvoering in openbare plekke op, bv. stadsplein, park, parkeerterrein, strand en deel strooibiljette uit.
- Organiseer 'n kitsdansoptrede ('flash mob').
- Gebruik die sosiale netwerke, soos Twitter, Facebook, YouTube om die produksie te bemark.
- Plaas jou produksie op webtuistes/Internet, 'What's on' in jou dorp/geleenthede/ gebeure, kalenders.

**[5]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110

### VRAAG 7: DANSVORME EN -FUNKSIES

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDERWERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dansvorme en funksies** | 1 | 2 | 3 | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | √ | | √ | | | |
| 7.1 Definiëring: Dansvorme Analiseer funksies in gemeenskap | | | | 3 | 3 | |
| 7.2 Besinning: Veranderinge aan inheemse dans in Suid-Afrika | | | | | | 4 |

**NOTA AAN NASIENERS:**
- Daar is verskeie moontlike wyses waarop VRAAG 7.1 en 7.2 beantwoord kan word. Evalueer of die antwoorde sin maak. Kandidate moet 'n definisie gee (1 punt) en die funksie in die gemeenskap (1 punt) van elke vorm in VRAAG 7.1.
- 7.1: Kandidate moet 'n definisies verskaf = 1 punt LAE VLAK
- en die funksie in die gemeenskap – 1 punt MEDIUM VLAK
- Tradisionele dans en inheemse dans kan in die kandidaat se antwoord oorvleuel.

- 7.2 is 'n HOË vlak refleksievraag wat die kandidaat se eie opinie/inligitng uit 'n handboek wees.

MOONTLIKE ANTWOORDE:

7.1 **Tradisionele dans**

**Definisie:**

- Tradisionele dans verwys na 'n dansvorm wat oor 'n lang tydperk opgevoer is sonder dat dit verander is
- Is van een geslag na die volgende oorgedra binne 'n spesifieke kultuur. (1)

**Funksie:**

- Om mense saam te bring, gee hulle 'n samehorigheidsgevoel, opvoeding/gee inligting oor die kultuur en die verlede aan die volgende geslag. (1)

**Inheemse dans**

**Definisie:**

- Inheemse dans is spesifiek tot 'n gebied of kulturele groep mense. (1)

**Funksie:**

- Om die identiteit, tye, kultuur, lewenstyl en ligging van 'n groep mense weer te gee en om kulturele beskouings te kommunikeer. (1)

**Sosiale dans**

**Definisie:**

- Verwys na gewilde danse wat in klubs, op straat, in flieks/op televisie opgevoer word. Enigiemand kan deelneem. (1)

**Funksie:**

- Om sosiale of populêre smaak van die tyd weer te gee; verskaf vermaak en ontspanning en is 'n wyse van sosiale wisselwerking of hofmakery. (1)

**Konsertdans**

**Definisie:**

- Verwys na danse wat op professionele of amateurverhoë opgevoer word, in informele en formele omgewings, gewoonlik deur opgeleide dansers. (1)
- Gebruik choreograwe/regisseurs/produksie-elemente, ens.

**Funksie:**

- Om idees, gedagtes, estetika te kommunikeer; dit kan opvoed, uitdruk, vermaak, oplig of inspireer. (1)

7.2

- Dit het 'n groot toeriste-attraksie geword wat toeriste van regoor die wêreld lok. Dit dra by tot die land se ekonomie.
- Afrika-dans het die afgelope tyd op baie wyses verander en word nie meer beskou as 'n dansvorm wat slegs deur die gemeenskap waar dit oorspronklik ontstaan het, opgevoer word nie.
- Dit het 'n gerekende dansvorm uit eie reg geword en word regoor die wêreld onderrig.
- Afrika-dans het kontemporêre dans in Suid-Afrika baie beïnvloed en 'n styl genoem Afro Fusion/Afro-kontemporêr/Afrika-kontemporêr tot gevolg gehad.
- Daar is tans professionele dansgeselskappe in Suid-Afrika wat Afrika- en kontemporêre dans saamsmelt, wat internasionaal erken word, soos die Vuyani Dance Company en Moving into Dance.
- Afrika-dans het die manier waarop baie Suid-Afrikaanse choreograwe hulle werk aanbied en choreografeer, verander.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001

- Nuwe dansvorme is besig om na vore te kom, bv. Pantsula/Kwaito, Umzanzi, ens.

- Ou style word herskep, bv. die rubbersteweldans wat deur vroue gedoen word/op Westerse musiek/in nie-tradisionele style.
- Dit word op TV in opvoerings/advertensies/kompetisies gedoen.
- Kostuums het mettertyd verander.
- Word in skole as deel van die formele kurrikulum aangebied. (4)
  (Ander relevante idees moet aanvaar word.) **[10]**

**VRAAG 8: DANSBEGINSELS EN -KENMERKE**

| **FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers** | **ONDERWERPE** | | | **VERMOËNSVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beginsels, kenmerke van dansvorme** | **1** | **2** | **3** | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| | √ | | √ | | | |
| 8.1 Begrip: Beginsels en kenmerke | | | | | 2 | |
| 8.2 Analiseer: Dansvorme | | | | | 8 | |
| 8.3 Besinning | | | | | | 2 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- 8.1 Beginsels en kenmerke kan oorvleuel deurdat bewegingsbeginsels ook kenmerke kan wees.
- 8.2 Merk kenmerke en beginsels gesamentlik – moenie die TWEE punte van mekaar skei nie. Indien kandidate een woord antwoorde verskaf gee 'n ½ punt. Kandidate mag oor enige ander dansvorm wat hulle in die PAT studeer het skryf.
- Kandidate sal baie verskillende moontlike antwoorde gee. Gebruik professionele oordeel wanneer punte toegeken word.

**In VRAAG 8.2 en 8.3 mag kandidate NIE twee keer oor dieselfde dansgenre, bv. Afrika-dans en Pantsula, skryf NIE.**
**INDIEN DIE KANDIDAAT NIE 8.2 EN 8.3 VERDUIDELIK HET NIE MOENIE VOLPUNTE TOEKEN NIE. TREK EEN PUNT AF VIR 8.2 EN EEN PUNT AF VIR 8.3.**

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORDE:**
**Beginsels en kenmerke kan as een gemerk word.**

8.1 **Die kenmerke** van die dansvorm verwys na sekere eienskappe/aspekte wat gewoonlik in 'n dansvorm aangebied word en wat aan die volgende herken kan word:

- Die kostuums deur die dansers gedra
- Op watter tipe musiek/begeleiding hierdie dansvorm gedans word
- Waar en watter soort opvoeringsruimte word gebruik
- Die gebruik van danselemente, soos ruimte, tyd en krag
- Die soorte bewegings
- Die gebruik van gebare en mimiek
- Waar hierdie dans vandaan kom

**Die beginsels** van die dansvorm verwys na die wette en teorie wat die wyse waarop jy beweeg, bepaal:

- Hoe jy sal staan (houding)
- Gebruik van die torso
- Gebruik van die bene, arms en voete
- Hoe jy sal balanseer

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

- Die inlynstelling van die verskillende liggaamsdele en koördinasie
- Gebruik van swaartekrag (weerstand of meegee) (2)

**Vir VRAAG 8.2 en 8.3:**

**Analiseer die kandidaat se kennis van TWEE dansvorme.**
**Kenmerke en beginsels kan as een gemerk word.**

Kandidate kan die volgende inligting insluit:

- Kenmerke x TWEE dansvorme soos:
  - Kostuums/skoene
  - Rekwisiete
  - Dekor/Toneelskikking
  - Musiek en begeleiding
  - Teaterskikking/Opvoerruimte
  - Geslagsrolle
  - Deelnemers, oorsprong
  - Elemente soos ruimte, tyd en krag
  - Tipe bewegings
  - Gebruik van mimiek/gebare

- Beginsels x TWEE dansvorme soos:
  - Gebruik van arms/bene/voete
  - Houding/Postuur/Inlynstelling/Gebruik van torso
  - Gebruik van swaartekrag
  - Gebruik van uitdraai/parallel
  - Balans/Van balans af
  - Bewegingswoordeskat

PARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRETORIA 0001
EXAMINATIONS

**NOTA AAN NASIENERS:**
**VRAAG 8.2 OF 8.3 moet Afrika-dans insluit.**

**VOORBEELD VAN 'N MOONTLIKE ANTWOORD (enige formaat is aanvaarbaar):**
**Kenmerke en beginsels kan as een gemerk word.**

8.2 **HOOFDANSVORM: KLASSIEKE BALLET**

| **Vier kenmerke moet omskryf word.<br>½ punt elk = 2 punte** | **Vier beginsels moet omskryf word.<br>½ punt elk = 2 punte** |
|---|---|
| • Ballet word aan die tegniese presiesheid daarvan herken.<br>• Die vroulike dansers dans op puntskoene/pointe en dit lyk asof hulle gewigloos is wanneer hulle optree.<br>• Die vroulike dansers dra meesal tutu's, leotards, pienk balletskoene en pienk balletkouse.<br>• Die mans dra gewoonlik mansdanskouse en óf 'n balletleotard óf 'n frokkie met wit of swart balletskoene.<br>• Ballet gebruik liggaamlike uitdrukkings (gebare) om emosie uit te druk of om 'n storie deur mimiek op musiek te vertel.<br>• Balletwerke is dikwels op feëverhale of stories uit die literatuur gebaseer, soos *Swanemeer*, *Slapende Skoonheid*, ens. Dit word verhalende balletwerke genoem. Ander balletwerke is meer abstrak en kan 'n idee of emosie oordra of | • Houding: verleng ruggraat, plaas gewig op die drie punte van die voete, maak die pelvis/heupbene waterpas.<br>• Uitdraai: rotasiebeweging van die bene in die heupe, noodsaaklik vir klassieke ballet.<br>• Plasing: plasing van die kop, ruggraat en ledemate in die korrekte posisie met betrekking tot mekaar om 'n geordende, gebalanseerde vorm te kry.<br>• Balanswette: balanseer die ledemate om ewewig te behou (ewe veel gewig rondom 'n sentrale punt).<br>• Basiese reëls van die kop, bene, arms en liggaam.<br>• Gewigsverplasing: plaas gewig van een liggaamsdeel oor na die volgende deel.<br>• Koördinasie: bring liggaamsdele in behoorlike verhouding tot mekaar. |

| | |
|---|---|
| skoonheid vier, bv. Balanchine se *Apollo*. | • Swaartekrag: ballet trotseer swaartekrag. |

| | |
|---|---|
| • Ballet word op klassieke musiek gedans en gebruik orkes- of klaviermusiek.<br>• Ballet druk die volle spektrum van menslike emosies deur fisiese bewegings en gebare op kreatiewe wyse uit.<br>• Die balletdanser se tegniek vereis sekere vaardighede wat eers na baie jare se harde opleiding perfek is.<br>• Balletdansers voer baie bewegings uit wat onnatuurlik is. Wanneer hierdie bewegings goed uitgevoer word, lyk dit asof dit natuurlik is en is dit aangenaam om na te kyk.<br>• Die manlike dansers lig die vroulike dansers op (pas de deux). | |

(4)

**VOORBEELD VAN 'N MOONTLIKE ANTWOORD (enige formaat is aanvaarbaar):**

8.3 **TWEEDE DANSVORM: AFRIKA-DANS**
**Beginsels en kenmerke kan as een gemerk word**

| **Vier kenmerke moet omskryf word. ½ punt elk = 2 punte** | **Vier beginsels moet omskryf word. ½ punt elk = 2 punte** |
|---|---|
| • Druk die lewe en ervarings van 'n gemeenskap uit.<br>• Die danse is dikwels op geslag, ouderdom of status gebaseer.<br>• Afrika-dans het soms toeskouers wat deelneem terwyl die dans opgevoer word, bv. deur hande te klap/te sing/te ululeer.<br>• Afrika-dans kan op kulturele tradisies gebaseer word, bv. geestelik, godsdienstige inisiërings, ens.<br>• Mans gebruik gewoonlik groot liggaamsbewegings wat spronge kan insluit.<br>• Vroue gebruik kleiner bewegings, soos skuifel en die liggaam is gewoonlik vooroor gebuig.<br>• Danse word gewoonlik buite rondom 'n vuur en in 'n kring gedoen.<br>• Afrika-dans gebruik artikulasie van verskillende liggaamsdele.<br>• Die dansers gebruik poliritmes en kan met verskillende ritmes binne die musiek beweeg.<br>• Baie of die meeste Afrika-danse sluit tromme, vokale en die geskop of gestamp van die voete in. | • Gebruik natuurlike buigings van die liggaam.<br>• Dans na die grond toe en komplementeer swaartekrag eerder as om dit te trotseer.<br>• Artikulasie van basiese en komplekse ritmiese patrone in die tydlynskaal.<br>• Nabootsing en dramatisering van die wêreld van die natuur (diere, insekte of plante) of die elemente, soos vuur, water, aarde en lug.<br>• Danse het gewoonlik 'n tema (vrugbaarheid, hofmakery, werk, hiërargie, ens.) en doelwit (protestering, sosialisering, viering, bevraagtekening van sosiale kwessies, ens.)<br>• Afrika-dans gebruik middele, soos herhaling, kontras, oorgange, sekwense, klimaks, balans en harmonie. |

(4)

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

8.4
- Leer meer oor en verstaan aspekte van 'n ander kultuur.
- Kan die unieke eienskappe of essensie van 'n ander dansvorm waardeer.
- Bewegingswoordeskat vergroot.
- Kennis, bv. die inheemse/kruiskulturele dansvorm kan met die hoofdansvorm vergelyk word.

(Enige ander relevante inligting) (2)
**[12]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X 110

**LET WEL:** **Kandidate het 'n keuse tussen VRAAG 9 en VRAAG 10. Sien SLEGS die eerste vraag wat beantwoord is na, indien die kandidaat albei vrae beantwoord het.**

## VRAAG 9: *REVELATIONS* DEUR ALVIN AILEY

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDER-WERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Spesifieke danswerk deur Alvin Ailey** | **1** | **2** | **3** | **LAAG** | **MEDIUM** | **HOOG** |
| | | | √ | | | |
| • Onthou: Agtergrondinvloede | | | | 2 | | |
| • Onthou: Tema x 3 dele | | | | 3 | | |
| • Herkenning: Bewegings/Styl gebruik<br>Toepassing: Simboliese betekenis – 1ste deel | | | | | | 4 |
| • Analisering: Voorbeelde en simboliek – 2de deel | | | | | 4 | |
| • Evaluering: Agterdoek/Siklorama van 3 dele | | | | | | 3 |
| • Opinie: Musiek – beskrywing en bydrae | | | | | 2 | |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- By elke kolpunt kry kandidate duidelike instruksies oor hoeveel feite om in te sluit. Die puntetoekennings hierbo **moet** gebruik word.
- Gebruik jou professionele oordeel wanneer die gehalte van die kandidaat se antwoord geassesseer word.
- Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en ken daarvolgens punte toe.
- Al die dele in die kandidaat se antwoord moet behandel word om volpunte te behaal.
- Trek 1 punt af van die totaal as dit nie in die formaat van 'n ARTIKEL geskryf is nie.

2014 -12- 01

**VOORBEELD VAN MOONTLIKE ANTWOORD:**

**Kolpunt 1: Enige TWEE feite wat op enige plek in die artikel ingesluit is:**

- *Revelations* sluit aan by Ailey se agtergrond en opvoeding in Texas waar hy in 'n baie godsdienstige Baptiste-gemeenskap grootgemaak is – die titel van hierdie werk kom van die laaste boek in die Bybel (Openbaring). Die musiek wat gebruik is, is gospelmusiek.
- Hy is in 'n afgesonderde/rassistiese omgewing grootgemaak waar swart mense geglo het dat God hulle deur die moeilike tye sou help – dit was ook deels waarom hy hierdie werk *Revelations* genoem het – want hy het sy verlede aan die gehoor onthul.
- Hy was 'n Afro-Amerikaner wat van die slawe afgestam het. Hy het hoofsaaklik Afro-Amerikaanse dansers gebruik.
- Dit vertoon Ailey se dansopleiding, naamlik kontemporêr, jazz, Horton, Graham. (2)

**Kolpunt 2: Hooftema in ELK van die DRIE dele moet gegee word:**

- **Pilgrim's Sorrow:** Dit toon die lyding van mense; hul stryd en weerstand.
- **Take Me To The Water:** Hierdie toneel verteenwoordig 'n geestelike reiniging/doop.
- **Move Members Move:** Drie mans hardloop op die verhoog rond en probeer om die las van hul sondes af te skud. Dit word gevolg deur 'n groep mense in hul beste Sondagklere wat óf kerk toe gaan óf wat daarvan terugkeer. (3)

**Kolpunt 3: VIER voorbeelde en die simboliese betekenis daarvan slegs uit die EERSTE deel– PILGRIM'S SORROW.**
**MOONTLIKE ANTWOORDE – vyf is ingesluit:**

- Baie van die bewegings behels die boonste deel van die liggaam (torso en arms) wat

desperaat na die hemel uitreik. Simbolies daarvan om God se hulp te vra. Die onderste deel van die liggaam (bene) bly op die grond. Simbolies daarvan om in slawerny vasgevang te wees.

- Handgebare en armbewegings word baie effektief gebruik, bv. dansers sit hul hande bymekaar om te bid, strek hul arms uit met die hande wyd gesprei, tik liggies op die grond en buig hul arms soos voëls. Simbolies van alledaagse pyn en smart/die behoefte aan vryheid.
- Die gesamentlike bewegings van die nege dansers is eenvoudig, maar baie kragtig en toon bewegings van geestelike behoefte in die beroemde wigformasie aan die begin van hierdie deel. Simbolies daarvan dat hulle deur gedeelde krag, toewyding en eerbied saamgetrek word.
- Die trio in hierdie deel toon uiting van woede en opstand. Simbolies van die onderdrukking van swart mense in die 1930's.
- Die pas de deux toon die manlike danser wat aanhoudend die vroulike danser ondersteun terwyl sy na die hemel reik. Hy balanseer dikwels op sy been om klem op hierdie uitreik-beweging te plaas. Die manlike danser kan die vroulike danser se geestelike gids simboliseer.

**Kolpunt 4: TWEE voorbeelde van rekwisiete en kostuums gebruik en die simboliese betekenis daarvan slegs uit die TWEEDE deel – TAKE ME TO THE WATER. (1 punt vir voorbeeld van rekwisiet/kostuum; 1 punt vir die simboliek)** (4)
**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

- 'n Man, wat 'n paal met wit papierlinte wat daarvan afhang, vashou, lei 'n vrou met 'n groot wit sambreel en 'n man en vrou wat gedoop moet word. Die rekwisiete word gebruik om 'n werklike doop te simboliseer.
- Die mans dra wit broeke en wit netbostukke. Die vroue dra lang, wye, vloeiende, wit rokke met valle onderaan. Die gebruik van wit kostuums kan reinheid/ wedergeboorte simboliseer.
- Die dansers beweeg met ligte, vloeiende bewegings tussen twee groot stukke lap wat oor die verhoog strek; die een wit en die ander blou. Die materiaal simboliseer die water.

**Kolpunt 5: Ken EEN punt vir elke toneel toe.**
Die siklorama verander in intensiteit afhangende van die stemming van elke toneel. (4)

- Ailey gebruik aan die begin die agterdoek van nag om swaar tye en hartseer en smart tydens die segregasietydperk te simboliseer.
- In die dooptoneel kan die blou siklorama agter op die verhoog die stemming van reinheid simboliseer.
- Die finale toneel het 'n heldergeel agterdoek met 'n groot, rooi 'son' in die middel wat die begin van nuwe hoop en vryheid vir swart mense kan simboliseer. Met die opheldering van die agterdoek verteenwoordig die bewegings die opgewondenheid oor hierdie heuglike gebeurtenis.

**Kolpunt 6: EEN punt vir omskrywing en EEN punt vir die bydrae wat die musiek tot die danswerk lewer** (3)

- Die musiek vertel die verhaal van hartseer, liefde, moeilikheid en bevryding.

- Die musiek berei die stemming vir die danse voor.
- Die gospel-partituur kon die emosies wat Alvin Ailey wou gebruik om sy idees en temas oor te dra, uitbeeld.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRETORIA 0001

(2)
**[18]**

OF

## VRAAG 10: INTERNASIONALE DANSWERKE

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDERWERPE | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Internasionale danswerke – skryf 'n resensie** | 1 | 2 | 3 | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | | | √ | | | |
| Onthou: Samevatting/bedoeling/simboliek van werk | | | | 5 | | |
| Analisering: DRIE produksie-elemente | | | | | 6 | |
| Analisering: Bewegingswoordeskat/choreografiese elemente | | | | | | 5 |
| Opinie en aanbeveling | | | | | | 2 |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- By elke kolpunt het kandidate duidelike instruksies gekry oor hoeveel feite om in te sluit. Die puntetoekennings hierbo **moet** gebruik word.
- Gebruik jou professionele oordeel wanneer die gehalte van die kandidaat se antwoord geassesseer word.
- Evalueer die hele antwoord om te assesseer wat die kandidaat weet en ken daarvolgens punte toe.
- Al die dele in die kandidaat se antwoord moet behandel word om volpunte te behaal.
- Trek 1 punt van die totale punt af as dit nie as 'n resensie geskryf is nie.

Die naam van die danswerk en choreograaf moet genoem word – geen puntetoekenning nie.

**MOONTLIKE DELE WAT BY DIE ANTWOORDE INGESLUIT MOET WORD:**

- **Samevatting/Bedoeling/Tema: VYF duidelike, relevante feite, bv.**
  - Die resensie moet die leser 'n duidelike begrip gee waaroor die werk gaan
  - Inspirasie/Gebeure wat tot die idee aanleiding gegee het (politiek/emosies/godsdiens, ens.)
  - Verhalend/Abstrak
  - Dele/Bedrywe
  - Simboliese boodskap/betekenis (5)

...ENT OF BASIC
...UCATION
2014 -12- 01
PRETORIA 0001
...BLIC EXAMINATIONS

- **SLEGS DRIE produksie-elemente moet nagesien word**
- **EEN punt vir 'n beskrywing**
- **EEN punt vir verduideliking van hoe dit gebruik is**
  - Stelle/Rekwisiete
  - Kostuums
  - Verhoog
  - Beligting
  - Musiek/Begeleiding
  - Spesiale effekte
  - Ander relevante aspekte van die produksie wat gebruik is (3 x 2) (6)

- **VYF belangrike choreografiese elemente wat in die bewegingswoordeskat gebruik is**
- **Indien slegs genoem = 1 punt**
  - Dansstyl(e)/Dansgenre – ken slegs 1 punt toe indien verskillende dansstyle/genres/vorme ingesluit is

- Getal dansers – formasies/vorms/patrone, ens.
- Gebruik van ruimte/tyd/krag
- Choreografiese strukture
- Simboliese waarde (5)

- Kandidate moet kommentaar lewer op die betekenis van die werk en hulle antwoord met relevante bewyse uit die danswerk ondersteun. (2)

**[18]**

**VOORBEELD VAN EEN MOONTLIKE ANTWOORD:**

Dit moet as 'n RESENSIE geskryf wees. Dit word hieronder met opskrifte en kolpunte aangebied om te help met nasien.

## BRILJANTE BRUCE DOEN DIT WEER

**Inleiding:**
Die talentvolle regisseur van die **Rambert Ballet Company**, Christopher Bruce, en sy vaardige dansers is besig om gehore met sy nuwe werk, *Ghost Dances*, te beïndruk.

**Samevatting/Bedoeling/Tema: VYF feite moet ingesluit word, bv.:**

- Die aanvanklike inspirasie vir hierdie werk was tweevoudig. Hy het die musiek by vriende van 'n **Chileense folk-groep, Inti – Illimani**, gekry en is deur die **liedjie** se eenvoudigheid en patos gefassineer.
- Hy het ook op daardie tydstip begin belangstel in die politieke onrus en militêre oorname wat besig was in Chili om te gebeur.
- Bruce gebruik duidelike karakterisering in hierdie danswerk. Die dood word deur drie manlike dansers gesimboliseer wat maskers en liggaamsverf dra om 'n geraamte voor te stel.
- Die groep dansers, bekend as 'die dood', stel die dorpenaars wie se lewens voortdurend deur die dood bedreig word, voor.
- Die dooies neem ons deur tonele van hulle lewens, die hartseer, gelukkige en bang oomblikke, en hierdie verhale word wreedaardig deur die dood onderbreek, verteenwoordig deur die drie Spoke wat die tragedie van oorlog simboliseer.
- Die musiek is onvergeetlik en dra by tot die patos van hierdie werk. Die **volksliedjies** sing van hunkering en liefde, van vryheid en vrede. Die musiek word dikwels **lewendig uitgevoer** wat tot die skoonheid van hierdie werk bydra. Die **kitare**, **tromme** en verskillende **slaginstrumente** wat gebruik is, is Chileense folk-instrumente en dra by tot die **simboliek en toon** die eenvoudige lewenstyl van die dorpenaars wat hulle storie vertel.
- Die **opgeneemde windeffekte** aan die begin van die stuk berei die onheilspellende toneel voor van die Spoke wat wag, wat die onbekende toekoms **simboliseer** waarin die dooies nou 'instap'. (5)

Enige DRIE produksie-elemente wat in hierdie werk gebruik word en beskryf in besonderhede, bv.

- **Stel:**
  - Bly dwarsdeur dieselfde en verteenwoordig 'n bar, klipperige area wat 'n grot kan wees.
  - Dit simboliseer een of ander oorstaanplek of 'n soort onderwêreld vir die dooies voordat hulle na die hiernamaals gaan.

- **Rekwisiete:**
  - Daar is sewe **klipagtige** strukture op die verhoog wat deur die Spoke gebruik word om vir hulle slagoffers te lê en wag.
  - Die rotse/klippe dra by tot die dieragtige bewegings wat die Spoke gebruik wat anderwêreldse wesens **simboliseer**.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
PRIVATE BAG X

- **Beligting:**
  - Dit versterk die atmosfeer op die verhoog deur dit 'n skaduagtige voorkoms te gee asof jy in die onderwêreld is.
  - Wanneer die Spoke dans, word hulle met 'n diep, groen lig belig wat die gevoel van dood en verval/ontbinding versterk.
  - Wanneer die Spoke die lewens van die dorpenaars neem, is daar 'n sterk afwaartse lig op die oomblik wat hulle sterf; dit **simboliseer** die harde werklikheid van oorlog en die sinneloosheid van hulle dood.
- **Kostuums:**
  - Die **maskers** wat die Spoke dra, is deur die dodemaskers wat die Suid-Amerikaanse Indiane dra, geïnspireer. Dit gee hierdie wesens 'n emosielose voorkoms, wat die dieragtige voorkoms van die lappe wat om die middel, arms en bene gedra word, versterk.
  - Die dood dra alledaagse klere wat verslete en geskeur is en die verwoesting van die oorlog en dit waardeur hulle gegaan het, **simboliseer**. Die **kostuums** versterk die karakterisering van die verskillende karakters. (6)

(3 x 2)

**VYF choreografiese elemente wat in die bewegingswoordeskat gebruik word, bv.**

- Bruce gebruik 'n kombinasie van **kontemporêre en volksdanse** in hierdie werk.
- Die Spoke se bewegings is baie atleties, sterk en kragtig. Hulle stoei met mekaar of wag gehurk, op die uitkyk vir hulle prooi. Die hele gevoel rondom hulle is dieragtig en dreigend/onheilspellend.
- Bruce het suksesvol 'n sterk gevoel van Chileense folk-bewegings in die dorpenaars se bewegings gekombineer wat die gehoor 'n skakel gee met hierdie eenvoudige mense wie se lewens so wreedaardig onderbreek word.
- Die gebruik van **mimiek en gebare** is sterk dwarsdeur dié werk gebruik.
- Bruce gebruik **kanon** baie suksesvol wanneer die Spoke optree. Die herhaling van bewegings wat na mekaar gespasieer is, gee die gevoel dat hulle in 'n trop is en mekaar volg.
- Die **groeperings** van die dorpenaars verander van groot groepe wat **saamwerk** tot kleiner groepe en twee pragtige **pas de deux's**, een tussen 'n vader en dogter en een tussen 'n man en sy vrou. Beide toon intieme oomblikke wat gedeel word voordat een deur die Spoke weggeraap word. (5)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01

**Slot: (Betekenis van die werk)**

Hierdie is 'n kragtige werk waarby enigeen aansluiting kan vind aangesien dit nie net oor die oorlog in Chili gaan nie, maar alle oorloë oral in die wêreld. Dit is 'n werk oor wreedheid, menseregte en swaarkry. Die werk laat die gehoor egter nie in wanhoop nie, soos wat die storie ontvou, gee dit die gehoor 'n gevoel van die mag van die mense, hulle krag en gemeenskapsgevoel, dat hulle tradisies nie vernietig kan word nie. 'Dit is soos hulle laaste herinneringe, hulle laaste stellings, voordat hulle kop omhoog die Dood tegemoet gaan.'

(2)
**[18]**

**VRAAG 11: CHOREOGRAWE**

| FOKUS VAN VRAAG + kognitiewevlak-beskrywers | ONDERWERPE | | | | VERMOËNSVLAKKE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Choreograaf** | 1 | 2 | 3 | | LAAG | MEDIUM | HOOG |
| | | | √ | | | | |
| 11.2 Herroep: Dansloopbaan | | | | | 5 | | |
| 11.3 Klassifiseer: Invloede/inspirasies | | | | | | 5 | |
| 11.4 Analiseer: Ontwikkeling van dans | | | | | | 5 | |

**NOTA AAN NASIENERS:**

- Trek 1 punt van die finale totaal af indien dit nie as 'n toespraak geskryf is nie

- Kandidate moet oor 'n Suid-Afrikaanse choreograaf skryf in die formaat van 'n TOESPRAAK.
- Nasieners moet die hele antwoord evalueer voordat punte toegeken word.
- 'n Verskeidenheid relevante antwoorde kan deur kandidate gegee word wat nie in hierdie memorandum ingesluit kan word nie as gevolg van die diversiteit van hierdie afdeling.
- Alle relevante dele wat in hierdie vraag vereis word, moet in enige volgorde by die antwoord ingesluit word om volpunte te verdien.
- 11.1 en 11.2 kan oorvleuel.

11.1 Stel die choreograaf voor en gee inligting oor:

- Waarom jy hom/haar uitgenooi het
- Geboortedatum
- Plek van oorsprong
- Relevante persoonlike/familie-inligting
- Dansopleiding
- Opvoeding/Onderwys

(5)

11.2 **Invloede en inspirasies in sy/haar professionele loopbaan wat dit gevorm het. Duidelike, relevante feite wat die volgende insluit:**

- Tersiêre inrigtings wat sy/haar bygewoon het
- Poste wat sy/hy beklee het waar hy/sy gewerk het
- Dansgeselskappe/-plekke waar sy/hy gechoreografeer het/opgetree het/klas gegee het/mee geassosieer word.
- Ander choreograwe/kunstenaars/onderwysers/dansers wat 'n invloed uitgeoefen het
- Politieke/sosiale/geografiese omgewings/kontekste
- Persoonlike verhoudings/gebeure
- Toekennings gekry as 'n professionele choreograaf

(5)

11.3 **Ontwikkeling van dans in Suid-Afrika. Duidelike, relevante feite, bv.:**

- Stigting van dansgeselskappe/skep werksgeleenthede vir dansers
- Opleiding/rigting en leiding aan dansers gegee/opkomende choreograwe
- Ontwikkeling van nuwe bewegingstyle en choreografie
- Uitreikprogramme in benadeelde gemeenskappe
- Opleiding/Dansopleiding in skole
- Bevorder dans in Suid-Afrika deur uitvoer van danse/choreografeer internasionaal
- Daag status quo uit/kommunikeer idees/kritiseer

(5)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

MENT OF BASIC EDUCATION
2014 -12- 01
EXAMINATIONS